

SARK (Suid Afrikaanse Raad van Kerke) doen 'n beroep op kalmte te midde van geweld en plundering (Mediaverklaring op 12 Julie 2021)

Die SARK neem met groot kommer kennis van die geweld en vernietiging van eiendom wat ons tans beleef. Hierdie geweld lei tot groot lyding. Dit word in baie dele van ons samelewing geregverdig op grond van die onlangse hofbeslissings aangaande oudpres. Jacob Zuma.

Daar is sommige wat regtig glo dat Zuma 'n regverdigte verhoor ontnem is; ander weer glo dat hy genoeg ruimte gegee is om homself te verdedig in die regstelsel, maar dat hy dit verwerp het. Ongeag van wat jy glo, en of die openbare betogings die gevolg is van ons beperkte begrip van die ingewikkelde regsproesse al dan nie, is nie die die punt nie. Die werklikheid is dat die betogings wat hieruit voortspruit die ruimte geopen het vir grootskaalse misdadigheid wat gevoed word deur armoede, 'n niks-om-te-verloor-ingesteldheid, gebrekkige dienslewering en die diepgaande woede in die afwesigheid van hoop. Ons ervaar nou moedswillige vernietiging en selfs die moontlike betrokkenheid van georganiseerde misdaad met die doel om die land se instellings permanent te ondermyn. In hierdie kategorie is diegene wat strategiese installasies wil teiken, wat die probleem na 'n volgende vlak van berekende wetteloosheid neem.

Is die voorwaardes waaronder mnr. Zuma se vryheid nagestreef moet word, buite die wet? Is daar wetlike en humanitêre toestande waaronder sy gevangenisstraf weens minagting van die hof hersien kan word - waar geregtigheid en vrede mekaar omhels (Psalm 85:11) en tog sorg dat die grondwetlike onderbou van Suid-Afrika nie ondermyn word nie? Dit is wat die howe aanspreek. Die konstitusionele hof het reeds gesit om sy versoek om sy vonnis op te hef en om te keer, aan te hoor, en geen optrede mag poog om met die proses en die uitkomst daarvan in te meng nie. Enige opsies wat mnr. Zuma beskikbaar het, sal nie deur openbare geweld en misdadigheid gehelp word nie. Ons is 'n menseregte-samelewing, wat voorsiening maak vir die reg om te protesteer. Maar die regte wat ons geniet, moet met verantwoordelikheid uitgeoefen word. En dit wat nou gebeur is nie die regte manier om dit te doen nie.

Wat sien ons? Ons verneem dat baie van die vragmotors wat by Mooirivier vernietig is, besit is deur swart entrepreneurs wat vir hul lewensbestaan van die bedryf afhanklik is en nou alles verloor het. Hul sal nou moontlik nie uit die skuld kan kom nie en in armoede verval. Die infrastruktuur wat ons verloor het, sal nie oornag vervang word nie.

Die SARK doen 'n dringende beroep op 'n einde aan die gewelddadige betogings wat oorspoel in kriminele dade van moedswillige vandalisme en plundering wat nie in 'n grondwetlike demokrasie geduld moet word nie. Ons nasie se wettige en grondwetlike instellings word deur geweld uitgedaag en dit sal dekades van diep lyding neem, indien ooit, om te herstel.

Die vernietiging wat ons aanskou, sal ingrypende en langdurige gevolge hê. Dit is 'n staat van burgerlike anargie en chaos wat nie geduld kan word nie. Ons doen 'n beroep op almal om dit te staak.

Ons loof die polisie vir hul selfbeheersing in die hantering van hierdie vandalisme onder uiterste provokasie en fisiese bedreigings. Aangesien die polisie heeltemal oorweldig word en die weeromag ingeroep is om die vernietiging hok te slaan, kan ons weer voor 'n ander uitdaging te staan kom nl die potensiële militarisering van ons samelewing met betreurenswaardige uitkomst. Ons moet dit vermy en tuis bly!

Dit alles gebeur in die derde golf COVID-19 wat in hierdie omgewing sy tol gaan eis. Hierdie land het reeds meer as 65 000 mense weens die pandemie verloor. Dit is mense se familieledes, ouers, dogters en seuns; dit tref baie hoogaangeskrewe leiers in alle sektore - politieke leiers, tradisionele leiers, dit beïnvloed kulturele, godsdienstige, besigheid en ander sosiale instellings in ons samelewing. Daar is baie kinders wees gelaat waar alle volwassenes uitgewis is. Ons sidder as ons dink aan die gevolge wat kan voortspruit uit die onbeskermdes hordes mense, waar COVID-19 die ekonomie en 'n groot aantal mense kan doodmaak en baie gesinne in ellende kan dompel.

Nadat die brandende woede bedaar het, sal mense desperaat benodighede soek wat hulle vir hul daaglikse lewe benodig, en dit sal nie beskikbaar wees nie. Die mense wat in hierdie kommersiële sentrums werk, sal vir 'n geruime tyd sonder werk wees, waartydens hulle nie hul gesinne kan onderhou nie. 'n Ekonomie reeds in rommelstatus sal worstel om op sy voete te kom. Die pryse van alle kommoditeite en voorrade sal waarskynlik styg en verder 'n negatiewe invloed hê op die voedselsekerheid van arm mense.

Die kultuur van geweld is in Suid-Afrika ingebed en is amper genormaliseer; ons pluk die vrugte van dekades van die taal van geweld. In die oop media-omgewing dien die sosiale media, sowel as die hooflyn-media en TV, beide om in te lig en soms om die chaos verder aan te spoor en te bevorder.

'n Groot deel van hierdie kultuur word gevoed deur die diepte van armoede en honger in 'n groot deel van die bevolking - met astronomiese hoë vlakke van jeugwerkloosheid wat die gevoel van hooploosheid vererger. Daarby kom die giftigheid van ons politiek wat baie ingewikkelde sake vir slagspreuke misbruik en geen oplossings bied wat nasionaal aanvaarbaar is nie.

Selfs oor die Coronavirus-pandemie het ons nie meer 'n gemeenskaplike stem van die politieke partye in ons parlement nie. Wat begin het as gereelde konsultasies vir 'n mate van ooreenstemming oor sommige basiese beginsels, is nie volgehou nie en die bestuur van COVID-19 is nou die saak van die opinie van die hardste politieke stem.

Ons doen 'n beroep op alle gemeenskappe in elke provinsie waar hierdie aksies broei om dit te staak; neem bestek voordat dit te laat is. Ons moet ons ekonomie en die grondwetlike stelsels en instellings van ons land beskerm tot voordeel van almal en vir ons toekoms.

Suid-Afrika moet verby die toksiese wanklank waarop chaos floreer, kom, en na 'n bedeling na-COVID-19 en na-plundering streef waar ons nasionale instellings bewaar word; met gelyke geregtigheid vir almal; met kos, skooling en die geleentheid vir almal om van armoede na 'n ordentlike lewe te gaan. Dit sal ernstige aandag aan die nasionale ekonomiese argitektuur verg. Maar ons moet dadelik ophou met die chaos.

Ons doen 'n beroep op die regering om alles in sy vermoë te doen om eiendom en lewensbestaan te beskerm en om stabiliteit in ons land te bewerkstellig, terwyl ons daarna wil streef om 'n nuwe vlak van betrokkenheid te vestig om die ruimte vir misdadigers te verminder om die ware lewensgriewe van die bevolking uit te byt.

Ons staan vir die waardes van onbaatsugtige liefde en vrede met die gelyke geregtigheid wat lewe gee en bewaar, veral vir die armstes van ons mense. In die huidige situasie vra ons om ernstige gebed vir ons land en sy mense wat deur hierdie situasie geteister word. Ons is almal Suid-Afrikaners; ons sink of swem saam. Vrede is die grondslag van sosiale en ekonomiese stabiliteit; ons verbind ons om hiervoor te bid.